# KLOOVENBURG 2025

| ROETE: | Kloovenburg by Riebeek-Kasteel | DATUM: | 18/10/2025 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Die stap op hierdie roete het in 2022 uitgereeen, maar hierdie rondte was die weer perfek - wolkskadu vir die eerste 2 ure en daarna gesellige sonskyn met die temperatuur darem laer as 30 grade. Twaalf stappers het die stap aangepak, waaronder 4 stappers wat die oggend 5-uur al uit Hermanus vertrek het (Petro Schlemmer is Pieter Du Toit, die eienaar van Kloovenburg, se suster en kon ons interessanthede vertel rondom haar grootwordjare op die plaas). Die stap kan van enige een van 2 beginpunte af aangedurf word en ons het by die Eight Feet Village begin - om 'n vroeer begintyd te akkommodeer - Eight Feet is van 8-uur af oop, terwyl Kloovenburg se hekke eers 9-uur oopgaan. Die roete self het ons om wingerde en olyfboorde geneem, met 'n paar gesonde bultjies en afdraendes, voordat ons na 1,5km die paadjie op met Kasteelberg na die grot-draaipunt geneem het. Hierdie deel is baie mooi en kronkel op deur bosse, met 'n baie matige hoeveelheid "rock-hopping". Van die grot wat ongeveer 50% teen die berg uit is, kry mens 'n uitsig oor die hele vallei en die dorpie Riebeek-Kasteel. Die af-pad is redelik aanhoudend en het konsentrasie geverg agv los grond plek-plek. Een val van 'n besoeker was darem nie ernstig nie en teen 11:00 het ons Kloovenburg bereik, waar die brunch-breek geleentheid gelaat het om iets koels by Kringe-Inni-Bos aan te skaf (en 'n soetigheid vir Mariette), asook 'n vinnige gaan kyk na Kloovenburg se olyf- en wyn-aanbiedinge. Die laaste skof het ons, met nog twee klimme, teruggeneem na Eight Feet, waar feitlik almal die sosiale sy van die dag met pizza, sap en bier ondersteun het. Die konsensus was dat dit 'n mooi en verbasend uitdagende graad 2 stap is wat herhaal kan word, maar dat 'n herhaling beslis weer die bergpaadjie moet insluit (daarsonder sal dit dalk ietwat te elementêr wees).

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Freddie Pohl | 091/2025 | 9 | 456 | |
| Susan Pohl | 091/2025 | 9 | 456 | |
| Edna Terblanche | 040/2025 | 9 | 456 | |
| Cluette Cloete | 202/2025 | 9 | 456 | |
| Hanna Jacobs | 140/2025 | 9 | 456 | |
| Gerrit Nortje | 062/2025 | 9 | 456 | |
| Mariette Nortje | 063/2025 | 9 | 456 | |
| Miranda Myburgh | 092/2025 | 9 | 456 | |
| Petro Schlemmer | Besoeker | 9 | 456 | Suster van plaaseienaar |
| Magreet Gaymans | Besoeker | 9 | 456 | |
| Adele Immelman | Besoeker | 9 | 456 | |
| Corrie Arp | Besoeker | 9 | 456 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **108** | **5472** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | NVT |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Freddie Pohl |
|---|---|